# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT BELEID: HULP TEN OPSIGTE VAN BEGRAFNISSE AAN BEHOEFTIGE HUISHOUDINGS/PERSONE EN DIE HANTERING VAN ARMLASTIGE BEGRAFNISSE

Kantoor van die Munisipale Bestuurder

25 Januarie 2018 en opgedateer 26 Junie 2018 na finale goedkeuring deur die BK

# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

# BELEID: HULP TEN OPSIGTE VAN BEGRAFNISSE AAN BEHOEFTIGE HUISHOUDINGS/PERSONE EN DIE HANTERING VAN ARMLASTIGE BEGRAFNISSE

## 1. Agtergrond:

Bergrivier Munisipaliteit wil gehoor gee aan die doelstellings van Plaaslike Regering soos vervat in artikel 152 van die Grondwet van Suid-Afrika (1996);

Bergrivier Munisipaliteit se visie is om ‘n vooruitstrewende gemeenskap te skep waar almal wil leef, werk, leer en speel op ‘n menswaardige manier.

Bergrivier Munisipaliteit wil voldoen aan die kern-waarde van menswaardigheid deur middel van armoede-verligting soos goedgekeur in die 2017 – 2022 Geintegreerde Ontwikkelings Plan van Bergrivier Munisipaliteit; en

Daarom wil Bergrivier Munisipaliteit hulp verleen aan kwesbare persone tydens die afsterwe van ‘n familielid.

## 2. Aan wie word die hulp verleen?

Daar is twee soorte begrafnisse waartydens hulp verleen word:
2.1 Begrafnisse vir behoeftige persone/huishoudings
2.2 Begrafnisse vir armlastige persone

### 2.1 Definisie van behoeftige persone/huishoudings

Dit verwys na persone wie vir deernishulp geregistreer is by die Munisipaliteit as ‘n hulpbehoewende huishouding interme van Bergrivier Munisipaliteit se Kredietbeheer en Skuldinvorderingsbeleid (soos gewysig van tyd tot tyd) (die Beleid); of wat vir deernishulp sou kon kwalifiseer indien hulle in ‘n dorpsgebied binne Bergrivier Munisipaliteit woonagtig was;

Dit kan ook persone van Goedverwacht, Wittewater, landelike gebiede en agterplaasbewoners, insluit indien hulle voldoen aan dieselfde **bedoeling** soos van toepassing op die registrasie van deernishulp.

## 2.2 Definisie van armlastige persone

Dit verwys na hawelose, onbekende persone sonder enige inkomste en waarvan die naasbestaandes ook onbekend is.

## 3. Voorwaardes en prosedures vir begrafnisse vir behoeftige persone/huishoudings

3.1 Die aansoeker moet 'n afskrif van die amptelike doodsertifikaat van die oorledene voorlê;

3.2 Wanneer iemand in 'n staatshospitaal sterf, sal die staatshospitaal hul eie prosedures volg vir 'n behoeftige begrafnis, indien nodig;

3.3 Dié begrafnishulp sal nie goedgekeur word vir persone met 'n begrafnispolis nie;

3.4 'n Gratis graf sal verskaf word vir dié begrafnisse;

3.5 Hierdie prosedures geld slegs indien die persoon nie in 'n staatshospitaal of staatsdaghospitaal oorlede is nie. In Bergrivier sluit dit die Radie Kotzé, Weskus, en Lapa Munnik-Hospitaal in.

3.6 Die aansoeker (naasbestaande / buurman of –vrou / vriend) moet 'n aansoek indien waarin die volgende inligting verskaf word:

- 3.6.1 Van en volle name van die oorledene;
- 3.6.2 Geboortedatum van oorledene;
- 3.6.3 Datum van afsterwe;
- 3.6.4 Adres van oorledene tydens afsterwe;
- 3.6.5 Plek van afsterwe;
- 3.6.6 Doodsertifikaat met besonderhede (oorsaak).

3.7 Die aansoeker moet die voorgeskrewe vorm voltooi.

3.8 Bergrivier Munisipaliteit se formele verkrygingsprosedure moet gevolg word vir die toestaan van die gratis graf.

3.9b Bergrivier Munisipaliteit is nie verantwoordelik vir enige ander onkoste ten opsigte van die begrafnis nie.

4. Die hantering van armlastige begrafnisse is 'n funksie van die Weskus Distriksmunisipaliteit en Bergrivier Munisipaliteit koördineer die funksie met hulle nadat die aansoeker die prosedures hierbo nagekom het.

- *einde* -